# God Het Jou




**2026-08-16**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

## Psalm 91

### In die Beskerming van die Allerhoogste

**Psa 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die
skaduwee van die Almagtige. 2 Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my
bergvesting, my God op wie ek vertrou. 3 Want Hy is dit wat jou sal red uit die
net van die voëlvanger, van die verderflike pes. 4 Hy sal jou dek met sy vlerke,
en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. 5 Jy hoef nie te
vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,
6 vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes
nie! 7 Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou
sal dit nie aankom nie. 8 Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van
die goddelose sien. 9 Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou
beskutting gemaak. 10 Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom
nie; 11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al
jou weë. 12 Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip
stamp nie. 13 Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang
vertrap. 14 Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom
beskerm, omdat hy my Naam ken. 15 Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor;
in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. 16 Met
lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.**

## Waar Is Jou Skuilplek vandag?

**Psa 91:1 Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige.**

**HE WHO dwells in the secret place of the Most High shall remain stable *and* fixed under the shadow of the Almighty [Whose power no foe can withstand]. Amp**

- **'n Verhoudingslewe met die Here bring aanhoudende en voortdurende beskerming.**
- **Hy bring Sekuriteit vir jou**
- **Jy kies deur geloof om die Here jou beskerming te maak.**
- **Jou tuiste onder die Allerhoogste se skaduwee.**

## "Here, U Het My"

**Ps 91:2 Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.**

- **Verklaar ons dat Die Here ons beskerming is?**
- **Gebruik ons die toegang wat ons het tot God die Vader?**

**Ef 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.**



# Jes 41:10-13

## Die Here Sal Jou Ondersteun

**Jes 41:10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.**

**11 Kyk, hulle almal sal beskaamd staan en in die skande kom wat op jou toornig is; hulle sal word soos niks, en jou teëparty sal omkom.**

**12 Jy sal hulle soek, maar hulle nie vind nie—die manne wat met jou twis; hulle sal word soos niks en soos 'n nietige ding—die manne wat teen jou oorlog voer.**

**13 Want Ek, die HERE jou God, gryp jou regterhand aan, Ek wat vir jou sê: Wees nie bevrees nie, Ek help jou.**

## Die Here Sal Jou Ondersteun (“Sustain”)

**Ps 54:6 Kyk, God is my helper. Dit is die Here wat my siel ondersteun.**

**Maar vir my help God altyd, die Here hou my lewe in stand. 1983**

**Behold God is my helper and ally. The Lord is the sustainer of my soul (my upholder). Amp**

## Mat 14:28-32 Die Here Steek Sy Hand Uit Na Jou

**En Petrus antwoord Hom en sê: Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te kom. 29 En Hy sê: Kom! Petrus klim toe van die skuit af en loop op die water om na Jesus te gaan. 30 Maar toe hy die sterk wind sien, het hy bang geword; en toe hy begin sink, roep hy uit en sê: Here, red my! 31 En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel? 32 Daarop klim hulle in die skuit, en die wind het gaan lê.**

**Hy Het Jou!!**



## In die Beskerming van die Allerhoogste

**Psa 91:3 Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. 4 Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. 5 Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,**
**6 vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!**
**7 Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie. 8 Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.**
**9 Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. 10 Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; 11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. 12 Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. 13 Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap.**

**14 Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. 15 Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. 16 Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.**


Joh 14:1 Laat julle hart nie
ontsteld word nie; glo in God,
glo ook in My.
- Jesus Christus